

Sing vooraf staande: Psalm 107:2 (p. 533)

- 2 In woesteny verlore, / was daar vir hul geen pad
wat hul langs regte spore / kon heenlei na 'n stad.
Gebrek aan drank en brood / sou hulle laat versmag het
as God nie in hul nood / op hul geroep geag het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 63:3 (p. 308)

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde in nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 38:1 (p. 189).

Wet

Psalm 38:1 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 103:3 (p. 504)

- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Skriflesing: Johannes 6

Teks: Johannes 6:35

En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

(Johannes 6:35 AFR53)

Dit is die dag nadat Jesus vyfduisend mense gevoed het met vyf garsbrode en twee vissies.

- Hulle is almal geweldig beïndruk met die krag van hierdie wonder, en dit is hulle wat nou teruggekome het.
- Hulle wou hê dat Hy Koning oor Israel moet wees.

'n Groep mense staan om Jesus.

- Mense wat soos ons dink,
- en wat soos ons doen.
- Mense wat nie maklik verder kyk as hierdie wêreld nie.

Wanneer hulle by Jesus aankom, vlei Hy hulle nie oor hulle teenwoordigheid nie; Hy ontnugter hulle:

Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.
(Johannes 6:36 AFR53)

'n Baie reguit antwoord.

- Hulle kom soek nie voedsel vir hulle siele nie.
- Hulle kom soek stoflike dinge by Hom.
- Sy wonders het hulle nie oortuig dat Hy werklik die Messias was nie.

Maar die Here Jesus straf nie net nie.

- Hy begin dadelik om hulle na Hom toe te trek. In liefde begin Hy preek sodat hulle kan begryp.
- In sy preek begin Hy met die dinge waarmee die mense op aarde te doen kry.
- Die Here Jesus gebruik dit dan om hulle te leer van die ewige dinge by God.

Hy lewer 'n preek oor brood, waarmee Hy ons aandag van die aarde af opbuig na die hemel toe.

Daar is twee elemente in hierdie preek – 'n negatiewe en 'n positiewe.

- Eers sê Hy dat hulle nie moet werk vir die spyse wat vergaan nie.
 - Ons lewensdoel mag nooit wees om genoeg besittings te hê om sonder broodgebrek op die aarde te lewe nie.
- Maar die positiewe ontbreek ook nie. As een ding verbied word, wat moet dan in die plek daarvan gedoen word? Werk vir die spyse wat bly tot in die ewige lewe.
 - Vind vir jou 'n soort voedsel wat jou honger sodanig versadig dat jy nie môre weer honger is nie, maar een wat jou versadig tot in die ewige lewe – geestelike voedsel.

Waar gaan ons dit kry? Vir die skare wat rondom die Here Jesus gestaan het, sê Hy: Die Seun van die mens *sal* dit aan julle gee. En God die Vader het Hom verseël.

Met hierdie woorde bevestig die Here Jesus die egtheid van hierdie belofte van brood.

- Hy maak dit 'n feit.
- Daardie mense voor Hom sou dit later ontvang.
- Ons *het*.

In maklike taal praat Jesus hier van sy genade wat aan ons gegee sal word.

- Hy praat van sy dood en opstanding wat aan ons die ewige lewe sal besorg.
- Hy praat onder andere van die nagmaal. Ons lees in die begin van hierdie hoofstuk dat dit byna tyd was vir die pasga. Die Paasfees was naby.

Dit was vir hulle 'n verlossingsfees.

- Met hierdie fees het hulle onthou hoe die Here hulle uit Egipteland verlos het.
- Die Here Jesus het hierdie selfde fees vervul en die nagmaal ingestel – die laaste pasga was terselfdertyd die eerste nagmaal.

Maar hierdie mense begryp nog niks. Hulle dink nog aan aardse brood.

- Daarom vra hulle meer uit. Wat moet hulle doen om dit deelagtig te word?
- Hulle dink hulle moet werk om die werke van God te volbring.

Hierdie vraag het 'n geskiedenis agter hom.

- Die Rabbyne het al 'n hele teologie uitgebou gehad oor hoe 'n vroom Jood moet wandel op die weë van die Here.
- Ons kan veronderstel dat die skare toe begryp het waarvan Jesus praat, want Hy begin om eers hulle vraag reg te stel.
 - Hulle het gevra na die werke van God.
 - Die Here Jesus antwoord in die enkelvoud. Daar is nie werke nie.

Dit is die werk van God dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.
(Johannes 6:29b AFR53)

Soos egte Jode het hulle gedink dat daar baie werke is wat hulle vir hulle saligheid moet doen.

- Maar die Here Jesus preek dat baie werke waardeloos is.
- Daar moet heeltal 'n lewensverandering by hulle kom.

Die werk wat God van hulle vra om salig te word, is dat hulle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.

- Hulle moet nie net met hulle verstand glo in die Here Jesus Christus nie.
- Hulle moet Hom met geloof in hulle daaglikse lewens aanhang en vertrou.

Geloof is dus die werk wat God eis vir ons saligwording. En hierdie geloof is 'n blywende lewenshouding, en dit moet absoluut jou hele lewe oorspan.

Om in die Here Jesus Christus en aan sy weldade te glo beteken dat ons altyd persoonlik aan Hom verbind moet wees. Hy is die brood wat uit die hemel neergedaal het, soos wat die Israëliete in die woestyn manna uit die hemel gekry het.

Die lewe wat ons hieruit verkry, is ewig – tydloos, en nie aardsgebonde nie.

Die Here Jesus het vir dié rondom Hom gesê:

Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. (Johannes 6:35 AFR53)

Hy praat van honger en dors.

- Hy bied dus iets te ete en te drink aan die mens.
- Ons hoor in hierdie woorde die nagmaal: Brood om te eet en wyn om te drink.

Brood en wyn is maar net die tekens wat aan my en elkeen van ons bevestig dat ons deel het aan die ewige Brood wat God uit die hemel aan ons gestuur het.

Die nagmaal is 'n gemeenskapsmaal waarmee ons verseker word dat Christus ons Lewensbrood is, van wie ons alles ontvang wat aan die lewe verbonde is. Daarom praat die Bybel in hierdie verband van:

- lewende water (4 :10);
- die lewende Woord (Hebreërs 4:12);
- die lewende Weg (Hebreërs 10:20);
- 'n lewende Offerande (Romeine 12:1);
- lewende hoop (1 Petrus 1:3); en
- dat ons lewende stene is (1 Petrus 2:4, 5).

Hierdie preek van Jesus het nou 'n rusie onder die Jode tot gevolg.

- Hulle wil weet waar Hy die reg kon kry om te sê dat Hy die Brood is wat uit die hemel neergedaal het (vers 41).
- Hulle het ook geweier om te aanvaar wat Hy gesê het, naamlik dat die wat sy vlees eet en sy bloed drink, die ewige lewe het, en dat hulle die laaste dag opgewek sal word.

Hieroor het baie van die mense om Hom, Hom verlaat. Jesus het toe aan sy dissipels gevra: Wil julle nie ook gaan nie? Toe sê Petrus vir Hom:

Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.

(Johannes 6:68 AFR53)

Ons vier vandag Nagmaal. Die woorde van Jesus Christus kom ook na ons toe:

Ek is die brood van die lewe; Wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. (Johannes 6:35 AFR53)

Hy het ons verseker dat ons net op een manier versadiging vir ons siele kan kry. Dit is deur te glo in die weldade en die ewige lewe wat Hy ons skenk deur sy dood en opstanding.

Nou rus die verantwoordelikheid op ons om ons lewens so te rig dat ons nie net vir die stoflike lewe nie.

- Ons is ook vandag rondom die Here Jesus – aan sy tafel.
- Ons word ook gevoed soos die vyfduisend, al is dit nie heeltemal op dieselfde wyse nie.

Gaan ons die Here Jesus ook nou volg soos hulle? Gaan ons bly glo omdat hierdie nagmaal ons oë so versterk het dat ons verder kan sien as net hierdie wêreld?

Geliefdes, gaan vandag versterk huis toe, en weet dat u God u vandag aan sy tafel verseker het dat u sy uitverkorenes is aan wie Hy die ewige lewe gee.

- Aan u het Hy die ewige lewe gegee en daarom het Hy u vandag geroep om brood en wyn te eet en te drink as tekens van die liggaam en bloed van die Here Jesus Christus.
- Sodat vervul word wat Christus vir die Jode gesê het:

Die wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe.

(Johannes6:54a AFR53)

U sal saam met Hom aan die eerste Nagmaal in die hemel aansit, wanneer die ewige gemeenskap met God begin. U sal die bruid wees wat saam met die Gees sal sê:

Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet. (Openbaring 22:17)

Amen.

Gebed

Formulier

Psalm 23:3 (p. 107)

- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreugde, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 118

Slotgebed

Slotpsalm 116:1, 10 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehag;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Nagmaal 29 Mei 2011 Bellville
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 24 Februarie 2013